

Liewe gemeente van Bellville-Oos

STAAT VAN INPERKING

Ons het almal kennis geneem van die staat van inperking wat Donderdagnag in ons land in werking tree. Dit gaan ons almal raak. Daarom ook ons gemeente se funksionering in die drie weke van inperking.

Ons glo dat ons alles in ons vermoë moet doen om in hierdie tyd ons lidmate geestelik te bly versorg met Woordbediening en gebed.

Die kerkraad was daarom genoodsaak om ons oorspronklike reëlins te hersien in die lig van die staat van inperking. Ons gee daarom met hierdie skrywe aan u die nuwe reëlins deur. Ons bede is dat die Here dit sal seën tot ons almal se geestelike welstand en groei in hierdie tyd. Hierdie reëlins sal voorlopig geld tot 16 April 2020.

Woordbediening en gebed op Sondag

Elke Sondag om 9:00 sal daar 'n opname van Woordbediening en gebed op ons gemeente se tuisblad beskikbaar wees. Hierdie opname word in die week deur ons predikante gedoen en beskikbaar gestel.

Woordbediening en gebed op woensdae

Elke woensdag sal daar ook 'n kort oordenking vir die dag (4-5 minute) beskikbaar wees. Dit is ook 'n vooraf opname deur ons predikante en sal Woordbediening, gebed en meelewing insluit. Ons glo dat dit vir ons almal van groot waarde sal wees.

Pastorale versorging

Beide ons predikante is gedurende die tyd van inperking beskikbaar om u by te staan sover dit moontlik en toelaatbaar is. Ons sal hierin grootliks van bestaande tegnologie gebruik moet maak (bv. Skype, WhatsApp, telefoon en selfoon).

U kan ook in hierdie tyd u ouderling kontak vir enige bystand.

Mekaar

Ons wil almal in die gemeente aanmoedig om weekliks twee ander lidmate (kies twee uit die gemeenteboekie) in die gemeente te skakel en net te verneem hoe dit met hulle gaan. Ons het die verantwoordelikheid om ook in hierdie tyd na mekaar om te sien. Gee asseblief besondere aandag aan ons bejaardes.

Kerkkantoor

Die kerkkantoor is in hierdie tydperk ook beskikbaar om aan u hulp te verleen. Jenny werk egter van haar huis af en sal nie by die kerkkantoor beskikbaar wees nie. Alle kontaknommers vir die kerkkantoor bly dieselfde as voorheen.

Vergaderings en byeenkomste

Aangesien ons in hierdie tyd nie fisies bymekaar mag kom vir vergaderings en ander byeenkomste nie, beveel ons aan dat almal van tegnologie gebruik maak om ons

koninkrykswerk en geloofsgemeenskap steeds te laat voortgaan. Indien u leiding verlang oor geskikte tegnologie vir hierdie doel kan u met ons tegnologie diensgroep in verbinding tree. Hulle sal u met graagte help.

Weeklikse Boodskapper

Die weeklikse Boodskapper sal nog weekliks aan u gestuur word en dit sal ook op ons tuisblad beskikbaar wees. Ons wil op hierdie wyse ook ons onderlinge gemeenskap bly bevorder.

Kollektes

Ons diakonie en ander instansies bly steeds grootliks van ons liefdegawes afhanklik. Ons vra dat ons almal ook hierin hartlik sal saamwerk. U sal binnekort ook 'n skrywe/video ontvang waarin aan u verduidelik word hoe u te werk moet gaan vir die betaling van u liefdegawes.

Benut die tyd!

Ons bede is dat ons almal hierdie tyd sal benut om:

- 'n boodskap van Christelike hoop en liefde te bring vir almal met wie ons in kontak is
- geestelik ons voor die Here te verootmoedig en te werk aan geloofsverdieping – veral in die komende Paastyd
- gesinsbande te verstewig en as gesinne saam die betekenis van Paasfees te vier
- onderlinge gemeenskap – al is dit telefonies – te bevorder
- voorbidding te doen vir ons regering, alle gesondheidspersoneel en persone wat siek is as gevolg van die virus

Ons bid u die nabyheid en seën van die Here toe!

Kerkraad

Gereformeerde Kerk Bellville-Oos